## 4 Oktober Hosea 11

### *Twee vure: woede en liefde*

In God se hart brand daar twee vure: woede oor die sonde en liefde vir die sondaars wat Hy vir Hom uitgekies het.

God het alle rede tot verterende woede. Hy haat geweld, egskeidings, vloekery, onreg, moord, diefstal, leuens en valsheid. En al wat Hy kry vir al sy liefde en opofferings vir ons is sondedampe wat tot Hom opstyg. Hy moet heeldag hoor van twis en tweedrag, skinder en afgodery, liefdeloosheid en eiewilligheid. En dit binne sy kerk!

Maar God doen heeltemal anders as wat ons sou doen. In plaas daarvan dat Hy sy toorn-vuur laat ontvlam en die hele aarde skoonbrand, stuur Hy sy geliefde Seun Jesus en laat die Goddelike woede oor ons sondes op Hom neerkom. En Jesus se sterwe blus die woede-vuur teenoor ons in God se hart. Sy kruisoffer het tot gevolg dat God se liefdesvuur vir ons nou weer hoog brand en dat Hy ons in Christus kan vergewe. God het sy woede-vuur geblus, maar dit sal weer opvlam op die laaste dag oor almal wat Hom verwerp het en hulle verhard het teen sy wil. Dié wat aangehou het met houtjies gooi op die woede-vuur sal deur daardie vuur verteer word.

Maar dié wat houtjies van goeie werke en gebede op God se liefdesvuur gegooi het sal vir ewig lewe.

Sing: Psalm 2:6 Ds. C.J.C. Roets (Witpoortjie)